



AMP BESKRYWING

AMP TITEL	Brandhoof
INSTANSIE	Apiesrivier Landelike BBV

DOEL VAN AMP

Om op te tree as die aangewysde/verkose brandhoof van die Apiesrivier Landelike BBV en om te same met die uitvoerende komitee en bestuur en die verskillende strukture waar uit daar voortvloeiende aksies is, doeltreffend te bestuur.

SLEUTELVERANTWOORDELIKHEDE

Beplanning, organisering, leiding en beheer van alle take soos vervat in die Apiesrivier Landelike BBV grondwet, wet 101 van 1998 op veld- en bosboubrande en verwante wetgewing en aktiwiteite van die brandvereniging van die Apiesrivier Landelike BBV gebied.

BESKRYWING VAN TAKE

Beplanning

- Gereelde kommunikasie met die brand wykshoofde (verwys na die operasionele plan)
- Operasionele plan in werking stel en toesien dat dit in werking is, monitering van die sukses daarvan en jaarlikse hersiening moet gedoen word.
- Deelname aan die jaarlikse proses van beplanning ten einde die nodige doelwitte, take en hulpbronne te bepaal wat daartoe sal lei dat die doel van die amp bereik word.
- Gesamentlike beplanning rondom die BBV se begroting, jaarprogram en gebeurlikheidsplanne.
- Opstel van 'n gestandaardiseerde operasionele prosedure
- Ontwikkel operasionele gedeelte van die operasionele plan

Organisering

- Die reël van brandopleiding in die verskillende area's in samewerking met die brand wykshoofde en ook die res van die gemeenskap.
- Ondersteuning van take aan die uitvoerende komitee, bestuur en portefeuljes soos benodig.
- Vestiging van goeie samewerkende verhoudinge met toepaslike instansies en belangegroep ten einde om die BBV se funksie doeltreffend te kan uitvoer.



- Gereelde kommunikasie en bystand aan die brand wykshoofde.
- Moet kennis dra waar die nodige hulpbronne is insamwerking met die logistieke hoof.
- Goeie radio en telefoniese organiserings vermoë

Leiding

- Motivering van bestuurs-, portefeulje- en BBV-lede om die take te verrig.
- Bevorder uitbou van die BBV se ledebasis.
- Hy/Sy kan persone aanwys om sekere take te verrig om hom/haar te ondersteun in die uitvoer van sy taak.
- Kan na gelang van omstandighede uitvoerende en operasionele besluite neem en dit aan die belanghebbendes deurgee as probleme ontstaan verkieslik met die vereniging se bevelspan bespreek en tot 'n aanvaarbare besluit te kom.
- Vestiging van volledige bevel en beheer struktuur op grondvlak.

Beheer

- Die brandhoof is verantwoordelik vir die beheer, uitreik of afkeur van die brandpermitte soos bepaal in Wet 101 van 1998.
- Werk nou saam met die brand wykshoofde, koördineerder en brandweerdienste.
- Moet toesien dat die brand gevaar indeks (BGI) daaglik uitgestuur word gedurende die brandseisoen en uiterste weerstoestand twee keer per dag gekommunikeer word na die gemeenskap en lede.
- Doen 'n behoeftebepaling en koördinering van brandtoerusting in samewerking met die logistiek.
- Rekordhouding van brande wat maandeliks op die uitvoerende komitee en bestuursvergadering deurgegee word, jaarliks aan die algemene jaarvergadering voorgehou word en ook deurgestuurd word na DAFF.
- Brandhoof is verantwoordelik om die brandverbod op te hef al dan nie in oorleg met die BGI, uitvoerende komitee en bestuur.
- Toesighouding oor brand operasies.
- Ontwikkel insident veiligheidsanaliese in samewerking met die veiligheidsoffisier
- Deel take toe aan die brand wykshoofde in terme van die operasionele plan
- Doen verslag m.b.t. spesiale aktiwiteite, geleenthede en gebeurlikhede.
- Lig die die wykshoofde voor in terme van die operasionele plan



- Om die lede en gemeenskap in te lig wanneer tyd is om voorbrande voor te berei volgens Wet 101 van 1998.
- Keur kwotasie goed kragtens die uitvoerende komitee en bestuursvergadering se goedkeuring.
- Hersiening van die reëls en regulasies van die BBV in samewerking met die uitvoerende komitee en bestuur.
- Wanneer die brandhoof bedank moet hy/sy alle korrespondensie, bates en enige ander toerusting aan die BBV bestuur te oorhandig.
- Die brandhoof moet ook 'n amptelike oorhandiging doen van sy amp.
- Die amptelike e-pos besonderhede moet ook aan die bestuur gegee word.

VEREISTES VIR DIE AMP

1. Die brandhoof moet opleiding in brandbestryding en -toerusting hê.
2. Goeie mense verhoudings hê.
3. Bonus indien die brandhoof in die brandweerdienste is of die nodige kwalifikasies.
4. Goeie agtergrond hê mbt om opleiding te kan aanbied.
5. Toegang hê tot internet, bbv e-pos en Whatsapp en rekenaargeletterd wees.
6. Moet 'n gereelde radio verbruiker wees.

PERSOONLIKE EIENSKAPPE/VAARDIGHEDDE

Ondervinding

- Wat tot voordeel vir die BBV sal wees.
- Skakeling met individue en groepe waar die bou van verhoudings noodsaaklik is.
- Vorige blootstelling aan vereniging pligte met inbegrip van beplanning, organisering, leiding en beheer.
- Ondervinding met veldbrande

Vaardighede/Eienskappe

- Goeie organiserings vermoë.
- Leierskap. Belangrike funksies van leierskap: visualisering, inspireer, raadgewend, beïnvloeding en mentor.
- Goeie kommunikasie vaardighede, beide gesproke en geskrewe.



- Goeie eienskappe: besluitneming, lojaliteit, moet 'n voorbeeld stel, menslikheid, kalm en beredeneerd, reverdigheid, trots, pligsbesef, verantwoordelikeheidsin, goeie selfbeeld en selfvertroue, fisies/psigies fiks, engerie, entoesiasme, insiatief, respek en vertroue inboesem
- Kundig in die hantering van interpersoonlike konflik.
- Diensvaardige oriëntasie.
- Bereid wees om te help met nood.

AMP BEKLEËR	
AMP BESKRYWING GETEKEN OP	

HANDTEKENING VAN AMP BEKLEËR	
AANVANGSDATUM VAN AMP BESKRYWING	
HERSIENINGSDATUM VAN AMP BESKRYWING	Jaarliks tydens die beplanningssessie